

**Skriflesing:** Romeine 3:21-31Nederlandse Geloofsbelydenis: **Artikel 23**

Teks: Romeine 3:24, 28

**Sing- Ps. 40:5; Ps. 7:5; Ps. 98:1****Romeine 3:21-31****Rom 3:21** Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig,**Rom 3:22** die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie;**Rom 3:23** want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,**Rom 3:24** en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.**Rom 3:25** Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God**Rom 3:26** om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.**Rom 3:27** Waar is dan die roem? Dit is uitgesluit. Deur watter wet? Van die werke? Nee, maar deur die wet van die geloof.**Rom 3:28** Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.**Rom 3:29** Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? Ja, ook aan die heidene,**Rom 3:30** aangesien dit inderdaad een God is wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof.**Rom 3:31** Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Intendeel, ons bevestig die wet.**Artikel 23****Artikel 23: Ons geregtigheid voor God**

Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken (Ps. 32:2 en Rom. 4:6). Dieselfde apostel sê dat ons verniet, dit wil sê uit genade, geregverdig is deur die verlossing wat in Jesus Christus is (Rom. 3:24). Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is, en roem glad nie in onself of in ons verdienste nie, maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen. Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo; dit is ook genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan, terwyl ons nie handel soos ons eerste vader, Adam, wat al bewende probeer het om hom met vyeblare te bedek nie. Waarlik, as ons voor God moes verskyn terwyl ons, in watter geringe mate ook al, op onself of op enige ander skepsel sou staatmaak, sou ons - helaas! - verteer moes word. En daarom moet elkeen saam met Dawid sê: *'En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor U aangesig regverdig nie'* (Ps. 143:2).

*Heb. 11:7; Ef. 2:8; 2 Kor. 5:19; 1 Tim. 2:6; 1Joh. 2:1; Gen. 3:7 (Rom. 5:19); Rom 4:6; Hand. 4:12; Eseg. 36:23, 32; Deut. 27:26; Jak. 2:10; Ps. 143:2; Luk. 16:15; Job 1; 1 Kor. 4:4; Ps. 18:28; Sef. 3:11; Heb. 10:20.*

**Skriflesing:** Romeine 3:21-31Nederlandse Geloofsbelydenis: **Artikel 23**

Teks: Romeine 3:24, 28

**Sing- Ps. 40:5; Ps. 7:5; Ps. 98:1**

Artikel 23 Nederlandse Geloofsbelydenis is eintlik baie sterk in aansluiting by artikel 22. Geliefdes, ons het die vorige keer gehandel oor hoe ons deur die geloof geregverdig word. Alleen net die geloof wat God ons skenk maak dat God my saak voor Hom regstel. Dit gaan oor die baie belangrike woorde in Rom 1:17- DIE REGVERDIGE-UIT DIE GELOOF SAL HY LEWE... Hier het dit gegaan oor wat die geloof doen. Dit brand in jou om waarlik God te ken. Om Jesus Christus met alles wat Hy vir ons verdien het, te omhels.

\*\*\*

Los van die geloof in Jesus Christus, buite Christus om is daar geen saligheid moontlik nie. Dit wat Christus vir ons gedoen het, is genoeg. Ons bely hiermee saam dat my werke kan my nie salig maak nie. Hoe goed ek dit ook al bedoel, watter goeie werk ek dink om vir God te doen, niks daarvan kan tot ons saligheid dien nie. Dit wat art 22 Nederlandse Geloofsbelydenis ons mee voorgaan, is hoe Christus Homself in alles in ons plek gestel het.

Die geloof is soos hande wat na Christus en na die geregtigheid wat Christus vir ons verdien het, uitgesteek word. Met hierdie hande wat nie gesien kan word nie, ja met die geloof kan ek alles wat Christus vir ons gedoen het, kan ek myself dit alles toereken, asof ekself aan die volle geregtigheid voldoen het. Daarom is dit verskriklik as mense dink hulle geregtigheid word deels bepaal deur wat hulle doen en net 'n gedeelte van wat Christus gedoen het, is vir ons tot voordeel. Dit noem ons belydenis is om God te laster, is om 'n halwe Verlosser vir ons te gee.

\*\*\*

Waar art 22 dan daaroor gaan hoe ons alleen deur die geloof in Christus geregverdig kan word, handel art 23 oor hoe ons nou in geregtigheid voor God mag verskyn. Wat doen hierdie geregtigheid aan jou... watter besondere uitwerking het hierdie geregtigheid in jou en my lewe?! Ons lees in Rom 5:1- die aangrypende... *1 Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus...* Vroeër in Romeine staan daar in Rom 3:19- **19** *Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees...* Elke mens, Paulus ingesluit, besef ons ellende, dit wat ons reeds in die eerste 4 Sondae van

Pretoria- 10 Mei 2015

die Kategismus die afgelope weke ook mee besig is, maar nou het daar iets so ingrypend gebeur. Die geregtigheid wat daar by God is, dit wat ons geregtigheid kon word, omdat Christus ons geregtigheid is, dit maak dat daar tussen God en my vrede kon kom. Hierdie vrede is die vrug wat ons in Rom 3:24 van hoor- *24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.*

\*\*\*

Ons besef daar was die tyd wat God Homself en ons in 'n brandende skeiding moes plaas. Ons was onder die vloek. Daar is 'n vloekdood wat oor ons gekom het. Daar was afskeidings en afskorting soos ons weet Adam en Eva was die paradys uit verwyder, die ingang daarvan was deur gerubs bewaak met swaarde wat vlam en flikker... hulle mag nie weer die tuin kon inkom nie. By die allerheiligste van die tempel was die skeiding die gordyn wat as voorhangsel die skeiding gemaak het. Geen mens mag die allerheiligste van die tempel kon inkom nie, alleen net die hoëpriester en dit ook net een maal per jaar op die groot Versoendag was hy daarbinne.

Ons geregtigheid voor God lyk nou anders, lyk totaal en al beter deurdat ons nou met die grootste vrymoedigheid na God toe kan gaan. Christus het die Voorhangsel laat skeur, op die hemelvaart het Christus die hemelse voorhangsel, die wolkegordyn deurgevaar, Christus het daardie bewaakte ingang wat die tuin afgesper het, weggeneem. Ons skuld wat weggeneem is, het die skeidings tussen ons en God ook weggeneem. Daar kan nou waarlik vrede wees- vrede by God deur ons Here Jesus Christus.

\*\*\*

Hierdie vrede word deur ons belydenis omskryf as om geluksalig te wees. Ons belydenis stel dat **ons geluksaligheid is geleë in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil...** Om te weet God vergewe my sonde is om werklik 'n diamant of 'n kosbare pèrel hier voor jou te sien blink. Niks kan vir my meer kosbaar wees as dit wat Christus vir my met sy bloed verdien het nie. Wie nog dieper in die glans van art 23 inkyk- kom tot nog groter bevryding- **dit is ook genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan...** Ons staan nou in 'n ander staat, as wat Adam was toe hy gesondig het- Al bewende het hy homself met vyeblore moes bedek.

Ons belydenis kom daarop neer deur vir jou ook vandag te sê- Weg met die vyeblore. Wie probeer om agter 'n paar koddige vyebloartjies vir God weg te kruip, het nog glad nie die

wesentlike van art 23 sy eie gemaak nie. So iemand wil nie gehelp word nie en sal ook nie gehelp word solank ek nie die eintlike kern van my probleem wil erken en ontbloot nie. Hoe mooi staan dit in Spr. 28:13- **13** *Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind.*

Ons besef dit wat art 23 dan pertinent uitspel dat ons geregtigheid voor God kan deur geen werk of wetstoepassing of prestasie my toekom nie, ja dit moet wees soos ons dit bely- **Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is, en roem glad nie in onself of in ons verdienste nie, maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen.** Dit noem ons belydenis dan baie duidelik 'n grondslag wat vasgehou moet word. Christus se gehoorsaamheid is die hartklop, die grondslag, die volle lewe wat deur hierdie artikel vloei. Genade is altyd soos 'n geskenk. Ek kan daar niks van verdien nie, maar juis op grond van hierdie onverdiende geskenk is ons geregverdig deur die verlossing wat in Jesus Christus is- Dit is presies hoe ons dit in Romeine 3 gelees het, ons lees weer verse 24 en verder: **24** *en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. 25* *Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God 26* *om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.*

\*\*\*

Wanneer ek die regverdiging en die vergiffenis wat God my skenk en God my boonop dit toereken dan is dit dieselfde om te sê die mens word deur God bekleed, ja dit wat ons die vorige keer by die naggestig van Sagaria 3 gelees het, Josua die hoëpriester ontvang die genade waar die engel dit sê- *Neem die vuil klere van Hom weg en dan kom die pragtige gevolg wat bevestig word- as God dan sê Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem en bekleed jou met feesklere...* Op ander plekke dan word hierdie besondere daad van God beskryf as dat God neem ons oortredinge van ons weg so vêr soos die ooste van die weste verwyderd is- Ps. 103:12- of hoe aangrypend stel Miga 7:19 dit- **19** *Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregthede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp...* Of dan gebeur dit presies soos dit in Rom 8:1 staan- **1** *Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie...*

Dit is hoe ons voor God mag verskyn, geregverdig in Christus, Hy ons geregtigheid voor God. Hiervoor kan ons alleen vir God die eer gee, Maar ons het soveel wat hierdie regverdiging nog meer teweegbring. Terwyl ek aan God die eer gee, my beste vir die Allerhoogste, moet ons ons voor God kan verneder. Hiermee kan ons na Maleagi 4 gaan, ook 1 Petrus 5. Maleagi 4 het Israel gekom by die punt wat hulle godsdiens halfhartig is. Dit is vir hulle moeite om de Here te dien. Daarom was hulle kom na die tempel teësinning, hulle bring afgeskepte onwaardige offers, , ja hoe maklik kan die simptome van halfhartigheid nie ook vir ons tref nie. In al 1:10 dan sê die Here, as dit die geval is, maak asseblief die kerk se deure toe. Met sulke godsdiens word God onteer en bring hulle 'n vloek oor hulleself. As Christus ons geregtigheid is dan moet God in alles ten volle geëer word.

In 1 Petrus 5 dan laat hierdie geregtigheid dat ons ons voor God verneder. 'n Mens wat homself nie verneder nie, is besig om homself te wil verhoog. So iemand, vroeër of later sal hy/sy hulle teen God vasloop. Ons kan dit 'n basiese wet noem. Dis so feit soos 'n klip wat gaan val as dit van bo gelos word. God sê die hoogmoedig sal hom vasloop (1 Pet. 5:5)- *God weerstaan die hoogmoediges...* 'n Gelowige het basies vanuit 1 Petrus 5 twee dinge wat moet gebeur. Jy moet kan BUIG, jy moet kan GOOI. Luister mooi na 1 Pet.5:6-7: **6 Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd. 7 Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.** Die buig-gedeelte-verneder julle, buig neer onder die kragtige hand van God... die gooi –gedeelte- werp al julle bekommernisse op Hom...Hy sorg vir julle.

Ons geregtigheid voor God in Christus, wanneer Christus ons geregtigheid is, waar ek God moet eer, my voor God moet kan verneder, het ook ingesluit, ek kan op Christus steun, alleen op Hom. Ek moet werklik met alles na God toe kan gaan. Op Hom alleen vertrou, daar is niks wat ek kan bydra nie, maar ek weet, Christus het reeds die oorwinning behaal, die volle prys het Hy klaar betaal. Ons geregtigheid in Christus gaan ook om nie langer te vrees nie. 2 Tim 1:7- **7 Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.** 'n Mens kan so ontnugter raak, so vreesagtig, so onseker vir wat vir my voorlê, maar waar ons die geloof reeds ontvang het, ons het soveel genadegawes reeds ontvang, ons het die Heilige Gees ontvang (waaroor ons vandag baie oor gepraat het) waarom dan nog vrees. Is die geloof, die gawes, die Heilige Gees nie vir jou genoeg nie?! Al kom daar lyding op ons pad, moet nie vrees. Christus se geregtigheid wil ons bevry van vrees. Die laaste deel, ja daar is seker nog baie ander, maar dit wat ons by hierdie diens wil uitbring is,

Christus se geregtigheid laat my vrymoedig tot God nader. Ons lees van hierdie vrymoedigheid ook in 2 Pet.1:11- **11** *Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus.*

Ons het 'n vrye en feestelike toegang tot God. In die week wat kom, Donderdag vier ons hemelvaart. Laat die hemelvaart dit vir u ook raaksien. Christus se geregtigheid, wat my sekerheid wil gee, dat Christus vir my daar is, Hy gee my sekerheid, Hy is groter as my gewete of al die ander hindernisse wat maak dat ek nie vrymoedig tot God nader nie. Ons het vrye toegang tot God Onse Vader, omdat Christus ons geregtigheid is. Dit is die dinge wat art 23 Nederlandse Geloofsbelydenis wat ons by God uitgebring het. Ons kan afsluit met Heb. 10:19-22: **19** *Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus* **20** *op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees,* **21** *en ons 'n groot Priester oor die huis van God het,* **22** *laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.*

As dit so mag wees, laat ons Dond-aand weer hierna luister. Dan vier ons die hemelvaart...

AMEN